In vennootskap met die tuiste. trots. toekoms.

INLIGTING : NASIONALE BYBELVASVRAKOMPETISIE 2024

INHOUD:

INLIGTINGSBRIEF AAN DIE LERAAR	p.2
DATUMS VIR 2024	p.3
SKRIFGEDEELTES, VRAESTELLE EN ALGEMENE INLIGTING	p.4
KOMPETISIEREëLS	p.7
AFRIGTINGSRIGLYNE VIR AFRIGTERS	p.9
AFRIGTERSINSTRUKSIES VIR UITDUNNE	p.11

BYBELVASVRA
Sel: 0846036037
E-pos: bybelvasvra@rapportryers.org.za

Geagte Leraar

SOEK U NA 'n OPWINDENDE GELEENTHEID OM BY DIE

LAERSKOOL en HOëRSKOOLJEUG 'n LIEFDE VIR DIE

BYBEL AAN TE WAKKER?

HIER IS DIE GELEENTHEID OM NIE MIS TE LOOP NIE!!

Die Rapportryerbeweging reël al vir 44 jaar 'n Nasionale Bybelvasvrakompetisie vir laerskoolleerlinge. Talle van die gr 7-deelnemers in 2023 het laat blyk dat hulle graag as hoërskoolleerlinge daarmee sou wou voortgaan. 'n Kompetisie vir Graad 8 tot 10 leerlinge is 2023 geloods. 5 Spanne het deelgeneem en Hoërskool Zwartkop het as wenner uit die stryd getree. Hulle is uitgenooi om die finale by ATKV Klein Kariba by te woon as eregaste.

Ons vra dus vriendelik of u in 2024 sal bepaal of van hulle wel by u skool aangesluit het en dit dan oorweeg om hulle die geleentheid te gee om hulle liefde vir hierdie kompetisie verder uit te leef. Verder vra ons ook of u dalk 'n personeellid, wat dalk spoi belangstel kan nadewr o hierdie leerders af te rig

Ons besef dat dit 'n groot taak is. Daar is egter hulp vir afrigters om hulle taak te vergemaklik (vind inligting in die afdeling oor SKRIFGEDEELTES, VRAESTELLE EN ANDER INLIGTING op bladsy 9).

Vorige deelname is nie 'n voorwaarde vir deelname in die hoërskoolkompetisie nie. Nuwe belangstellende leefrdeer is ook welkom.

'n Inligtingsdokument met meer inligting is hierby aangeheg. Lees dit asseblief.

Indien daar belangstelling is kan u my gerus kontak, sodat ons volledige inligting aan u kan beskikbaar stel.

Vriendelike groete

Dr Hennie Schmidt
Projekleier

BYBELVASVRA: BELANGRIKE DATUMS 2024

Skrifgedeeltes beskikbaar	: Middel November 2023 (op die laatste)
Laaste dag vir Inskrywings	: 30 Junie 2024
Oefenvraestel	: Julie 2024 (na skole begin het)
Uitdunrondte	: 15 tot 20 Augustus 2024

LAERSKOLE

Punte van Uitdunrondte bekend	: 31 Augustus 2024 (op die laatste)
Top-10 bekendmaking	: 1 September 2024 (op die laatste)
Finale Rondte (Top-10 spanne)	: 11 tot 13 Oktober 2024 (ATKV Klein Kariba)

HOËRSKOLE

Punte van Uitdunrondte bekend	: 31 Augustus 2024 (op die laatste)

In geval van min inskrywings mag dit gebeur dat die uitdunrondte dien as 'n finaal (soos in 2023). In daardie geval sal die wenspan van die hoërskole-afdeling die wenner van die kompetisie wees en ook die naweek van die finaal vir laerskole bywoon.

In geval van 'n ruim aantal inskrywings sal dit oorweeg word om 'n finaal vir hoërskole aan te bied. Die formaat daarvan moet nog bepaal word. Besonderhede hieroor sal betyds aan deelnemende spanne gekommunikeer word.

Skrifgedeeltes 2025 bekend	: Middel November 2024 (op die laatste

BYBELVASVRA 2024

SKRIFGEDEELTES,VRAESTEL EN ANDER INLIGTING

2024 se kompetisie

1. Leerlinge van graad 4-7 kan in spanne van 4 opgeneem word.
2. Daar is slegs **een uitdunrondte** en **dan die finaal**.
3. Die vraestel sal 'n skriftelike pen-en-papiertoets wees.
4. Uitdunaanbieders sal die vraestelle uitdruk en na die deelnemende spanne toe bring. Na afloop van die uitdunrondte sal dit per e-pos na die Bybelvasvraspan gestuur word om gemerk te word. Punte sal gevolglik eers na 7 tot 10 dae bekend gemaak word.
5. Die volgende tipe vrae is ingesluit in die kompetisie: Multikeusevrae, Kortvrae, Pasmaats,Versvoltooi, Blokraaisel en Snelsoek.

Vraebank : Tydens 2023 se finaal is daar besluit om 'n vraebank te begin. Nuwe afrigters hoef dan nie hordes vrae alleen op te stel nie, maar kry vraestelle van die ander afrigters wat deel is van die vraebankprogram. Die kontakpersoon is Kristine Laas van Hoërskool Zwartkop (2023 se Hoërskool wenspan) Haar kontak nommer is 084 589 8885

Beskermheer : Dr Danie Langner het aangesluit as ons beskermheer vanaf middel 2023.

Ons is baie dankbaar vir sy betrokkenheid en glo dat dit die kompetisie tot nuwe hoogtes gaan neem.

Volle besonderhede hieroor sal later aan deelnemende spanne gekommunikeer word.

Uitdunrondte: (laerskool- en hoërskoolspanne)

(Geringe wysigings mag dalk later gemaak word, maar dit sal vroegtydig aan spanne gekommunikeer word.)

Vraestel 1:	Harde Kopie	20 punte	Ou en Nuwe Testament	Geen Bybels	Multikeusevrae	10 minute
Vraestel 2:	Harde Kopie	20 punte	Ou en Nuwe Testament	Geen Bybels	Kortvrae	10 minute
Vraestel 3:	Harde Kopie	20 punte	Ou en Nuwe Testament	Met Bybels	Pasmaats	12 minute
Vraestel 4:	Harde Kopie	20 punte	Ou en Nuwe Testament	Met Bybels	Vers Voltooi	10 minute
Vraestel 5:	Harde Kopie	10 punte	Ou en Nuwe Testament	Geen Bybels	Blokraai	6 minute
Vraestel 6:	Harde Kopie	10 punte	Ou en Nuwe Testament	Met Bybels	Snelsoek	5 minute

Finale Rondte (Top-10 spanne ,laerskole en moontlik hoërskole afhangende van die aantal spanne wat deelneem):

(Geringe wysigings mag dalk later gemaak word, maar dit sal vroegtydig aan spanne gekommunikeer word.)

Vraestel 1:	Harde Kopie	30 punte	Ou en Nuwe Testament	Geen Bybels	Mulitikeusevrae	13 minute
Vraestel 2:	Harde Kopie	20 punte	Ou en Nuwe Testament	Geen Bybels	Kortvrae	9 minute
Vraestel 3:	Harde Kopie	30 punte	Ou en Nuwe Testament	Met Bybels	Pasmaats	14 minute
Vraestel 4:	Harde Kopie	30 punte	Ou en Nuwe Testament	Met Bybels	Vers Voltooi	12 minute

Vraestel 5:	Harde Kopie 10 punte	Ou en Nuwe Testament	Geen Bybels	Blokraai	5 minute
Vraestel 6:	Harde Kopie 10 punte	Ou en Nuwe Testament	Met Bybels	Snelsoek	4 minute

Oefenvraestelle

Daar sal ook 'n stel oefenvraestelle voor die uitdunrondte aan deelnemende spanne beskikbaar gestel word.

Wie mag deelneem?

Laerskool leerders vanaf Graad 4 tot 7 asook hoërskool leerders vanaf Graad 8 tot 10.

Daar is geen beperking op die aantal spanne wat 'n skool/gemeente/instansie mag inskryf nie. Die span bestaan uit **vier** leerders (wat nie in dieselfde graad hoef te wees nie) en daar is ook geen voorskrif oor hoe spanne i.t.v seuns/dogters saamgestel word nie.

Waarom deelneem?

Uit 'n Bybelkennisprojek wat die Rapportryers voorheen geloods het, het dit aan die lig gekom dat die jeug se algemene kennis van die Bybel veel te wense oorlaat. Die doelstellings van die Bybelvasvra is juis die bevordering van die jeug se liefde vir die Bybel en Bybelstudie, die bevordering van hul kennis en hanteringsvermoë van die Bybel, asook die bevordering van hul kommunikasie- en samewerkingsvermoë.

Die terugvoer van deelnemers aan die Bybelvasvra is altyd baie positief. Die lewe gaan oor meer as net wen, en dit is juis waarom ons u wil aanmoedig om soveel moontlik kinders die geleentheid te bied om deel te neem. Die gedagte is juis dat elke kind wat deelneem, die mense rondom hom/haar ook positief kan beïnvloed en die Woord só uitgedra word - veel verder as net die skool en die afrigter, maar ook gesinne.

Die vraestel is steeds in Engels beskikbaar

Die Rapportryers glo dat die geleentheid om meer van die Bybel te leer nie deur taalgrense beperk behoort te word nie. Daarom bied ons ook aan Engelse leerders die geleentheid om aan die vasvra deel te neem. Die vraestel is slegs in Afrikaans en Engels beskikbaar en leerders kan dit in die taal van hul keuse beantwoord. **Die taalkeuse van die leerders moet egter duidelik op die inskrywingsvorm aangedui word.**

Die top-10 laerskoolspanne, ongeag of hulle in Afrikaans of Engels deelgeneem het, sal genooi word om aan die finaal deel te neem.

Die Skrifgedeeltes vir 2024 (Vir uitdun en finaal)

1. Rut 1- 4
2. Lukas 1 – 10 (hoofstuk 3:23 – 38 uitgesluit)
3. Kolossense 1 - 4

Watter Bybel moet gebruik word vir voorbereiding?

Voorbeelde van binneblaaie sal beskikbaar gemaak word.

AFRIKAANS :1983 vertaling met herformulering LW Herdrukke bv. 2022 se tekste is presies dieselfde as vorige herdrukke.

ENGELS : NIV

Waar word die Bybelvasvra aangebied?

Die uitdunrondte word in streekverband in verskillende sentra (bv al die spanne in 'n dorp by een plek) in die verskillende provinsies aangebied. Dit word bepaal deur die aantal inskrywings in 'n bepaalde omgewing. Reiskoste na die sentrum vir die uitdunne moet deur die span self gedra word, maar spanne sal nie oor groot afstande hoef te reis nie.Uitdunaanbieders sal gereël word.

Die finale rondte word DV by ATKV Klein Kariba aangebied.

Finale reëlings sal met die Top tien spanne gekommunikeer word.

Erkenning aan deelnemers (Laerskole)

Elke deelnemer ontvang 'n sertifikaat van deelname.

Die wenspanne van provinsies ontvang 'n addisionele sertifikaat.

Na afloop van die uitdunrondte word die Top-10 spanne na die finale rondte genooi, wat oor 'n naweek beslis word. Die spanne woon die naweek van die finaal kosteloos by t.o.v akkommodasie en etes, maar reiskoste moet deur die span self gedra word. **Een afrigter per span se koste is hierby ingesluit**. Ekstra afrigters kan ook saamkom, maar betaal vir verblyf en etes, wat aan RRB Bybelvasvra betaal word. Ander ondersteuners/ouers is welkom om saam te kom, maar dan op eie koste. Hulle moet ook self by die oord bespreek.

Erkenning aan deelnemers (Hoërskole)

Elke deelnemer ontvang 'n sertifikaat van deelname. Die wenspanne van provinsies ontvang 'n addisionele sertifikaat. Die aantal inskrywings sal bepaal of daar 'n finale rondte kan plaasvind. Indien wel sal die top spanne addisionele sertifikate ontvang.

Pryse by die finaal (Laerskole)

1. Wenspanne by die finaal ontvang kontantpryse as volg: R7 000, R5 000 en R4 000 onderskeidelik vir die eerste, tweede en derde plekke.
2. Die ander sewe spanne wat aan die finaal deelneem ontvang elkeen R 1 000.
3. Die Top-10 spanne ontvang ook 'n spesiale sertifikaat.
4. Die drie top spanne tydens die finale rondte ontvang ook spesiale sertifikate.
5. Die vier leerders van die wenspan ontvang ook elkeen 'n klein trofee.
6. Die wenskool ontvang ook 'n replikatrofee.
7. Al die spanlede ontvang ook 'n Bybel.
8. Die wenspan ontvang ook die Bybelvasvra wisseltrofee.

Pryse aan deelnemers (Hoërskole)

Kontantpryse en sertifikate sal oorhandig word.

Die pryse aan deelnemers in die hoërskool-afdeling sal bepaal word na gelang van die hoeveelheid spanne wat deelneem

Inskrywingsgeld:
R 400.00 per span. **Indien meer as 4 spanne ingeskryf word, sal die vyfde en verdere spanne geen inskrywingsgelde betaal nie.**

Skryf in. Hierdie Bybelvasvra is enig in sy soort. Dit is nie net 'n leerervaring nie, maar ook groot pret! Nader asseblief ander skole in julle omgewing wat nog nie deelneem nie.

Met agting en vriendelike Rapportryergroete,

Dr. Hennie Schmidt
Projekleier

NASIONALE BYBELVASVRA 2024: KOMPETISIE-REËLS

1. Die vasvra vind oor twee rondtes plaas.
2. Alle spanne neem aan die uitdunrondte deel .
3. Die tweede rondte is die finaal, waaraan die Top-10 laerskoolspanne deelneem.
4. Afhangende van die aantal spanne wat aan die hoërskool-afdeling deelneem, sal verdere reëlings vir ‘n moontlike tweede rondte kompetisie bekend gemaak word.
5. Indien die aantal spanne wat aan die hoërskool-afdeling deelneem nie ‘n verdere toetsrondte regverdig nie, sal die span wat die beste presteer in die uitdunrondte as die wenner verklaar word. Hierdie span sal dan as eregaste na die finaal vir laerskole genooi word en daar hulle wenprys ontvang.
6. Geen span mag deelneem, voordat ‘n inskrywingsvorm en bewys van betaling ontvang is nie.
7. Leerders neem in skooldrag deel (tensy die skool nie oor skooldrag beskik nie), of indien die span deur ‘n kerk of ander instansie ingeskryf is.
8. Geen spanlede mag ná die uitdunrondte vervang word nie, tensy ‘n deelnemer medies ongeskik raak, of sou verhuis. Indien ‘n instansie meer as een span inskryf, mag leerders wat aan die uitdunrondte deelgeneem het, van span verander, indien dit nodig sou wees.
9. Die antwoordstelle word na die Bybelvasvraspan gestuur om gemerk te word. Die uitslae sal so gou as moontlik bekend gemaak word op ‘n datum wat jaarliks bepaal sal word. Sodra al die spanne ingeskryf het, sal ‘n kode aan elke span toegeken word. Dit sal net voor die uitdunrondte gestuur word. Dieselfde kodes sal ook gebruik word wanneer die nasionale punte bekend gemaak word om die identiteit van swakker spanne te beskerm.
10. Die punte van die uitdunrondte word gebruik om provinsiale wenners te bepaal.
11. Die tien spanne wat na die finaal deurdring, (nie noodwendig ‘n span uit elke provinsie nie), sal alle verrigtinge bywoon, soos deur die Bybelvasvrakomitee gereël .
12. Enige besware tydens die uitdunrondte moet aan die betrokke organiseerder/toesighouer geopper word. Sy/haar beslissing is finaal en geen korrespondnsie sal daaroor gevoer word nie. Die vraestelle is egter noukeurig opgestel sodat daar waarskynlik geen navrae sal wees nie.

13. Slegs skriftelike besware, gerig aan die Projekleier, sal ondersoek word en sal so spoedig moontlik verwerk word. ‘n Skriftelike antwoord sal verskaf word.

14. **Verontagsaming van bogenoemde reëls mag lei tot diskwalifikasie.**

Dr. Hennie Schmidt
Projekleier

BYBELVASVRA: AFRIGTINGSRIGLYNE VIR AFRIGTERS

Die volgende metode van afrigting kan baie help – (veral baie nuttig vir nuwe afrigters)

1 TERUGLEES-FASE

Die eerste drie tot vier weke word daar net teruggelees. Die leerwerk word soos “papegaaie” gedoen.
Versprei die leerwerk om dit ten minste twee keer deur te lees. Stel ‘n rooster op wat inpas met al die leerders se aktiwiteite. Die tydsbesteding hiervoor word deur elke afrigter bepaal. Die leerders sal ook beter kan konsentreer as daar volgens ‘n rooster gewerk word. Uiteindelik sal al die ure wat spandeer word vrugte afwerp.

Verdere wenke

a) Maak **fotostate van die Skrifgedeeltes** en gee vir elke leerder een om vanaf te leer.
b) **Neem een afskrif en “tippex” sommige woorde of frases uit**. Maak fotostate en gee vir elke leerder een om van terug te lees. Dit sal hulle help met die vers voltooi vraestelle.
c) Die leerders kan dit ook later vir mekaar teruglees as die afrigter nie by kan wees nie. Dit kweek selfdissipline en help ook die afrigter om vas te stel waarmee die leerders sukkel.
d) Begin om sekere dele van tekste en woorde uit te Tippex. Dit maak die leerders woordsensitief aangesien die woorde, frases of kort sinne wat met tippex uitgewis is die antwoorde vir die vrae is.
e) Die meeste vrae word versgebonde opgestel. Dus sal die metode hulle geweldig baie help.

2 TOETSINGFASE

Vanaf die vyfde week(of bietjie later omdat daar net ‘n uitdunrondte is) begin die leerders om toetse te skryf. Daar word nog steeds elke dag volgens ‘n rooster teruggelees bv. Twee hoofstukke per dag, totdat al die leerwerk een keer gedoen is. Daarna maak u die die hoofstukke elke keer meer totdat die werk ongeveer ses keer met die leerders deurgegaan is. Dan behoort hulle amper die werk uit hulle koppe te kan herhaal.

Stel genoeg vrae oor die verskillende tipes vraestelle op.

Verdere hulp aan afrigters

Verdere hulp aan afrigters

Tydens die 2024 finale kompetisie by Klein Kariba het die afrigters besluit om mekaar te help deur saam te werk en ‘n vraebank saam te stel wat onder mekaar versprei sal word. Hierdie is ‘n onafhanklike inisiatief en word nie deur die projekleiers bestuur of beheer nie. **Die kontakpersoon hiervoor is Kristien Laas selnr 0845898885.** Dit behoort tot groot hulp vir afrigters te wees.

Daar kan baie verskillende soorte vrae uit die Skrifgedeeltes opgestel word. Laat die leerders dan hierdie toetse skryf, en gebruik tydsbeperkings. Soos die tyd vorder, gaan hulle al vinniger kan werk.

Merk die toetse en gee terugvooer aan die leerders. So kan voortdurend gesien word waarmee hulle sukkel en ‘n afrigter kan spesifiek op daardie aspekte fokus.

Nader aan die kompetisie kan leerders vraestelle soortgelyk aan die kompetisie skryf , met dieselfde tydsbeperkings. Dit maak hulle gewoond aan ‘’kompetisie toestande.’’

3 ALGEMENE WENKE

Ons het gevind dat dit beter is om bv. Maandae tot Vrydae na skool (en nader aan die kompetisie selfs voor skool), volgens ‘n rooster met die kinders te werk, sodat al vier spanlede saam kan werk.

Dit bou ongelooflike spangees en kweek dissipline. Dit is dalk nie moontlik met al die aktiwiteite waaraan die leerders deelneem nie, maar elke afrigter behoort ‘n werkbare plan uit te werk.

Naweke leer die leerders tuis. Dit hou hulle gemotiveerd.

HERHALING, HERHALING, HERHALING. So sink die werk in en raak dit makliker vir die leerders soos die tyd vorder.

Maak **opsommings** van belangrike **woorde, plekke, persone , tye, konsepte** ens.

Verhoog die volume en intensiteit van leer nader aan die kompetisie. Die kinders kan dit hanteer.

Wanneer leerders ‘n vraestel skryf, laat net die toegelate tyd toe. Moenie ekstra tyd gee nie.

4 SNELSOEK

Daar gaan ‘n tien punt vraestel in die uitdunrondte wees asook in die finale rondte. Stel genoeg voorbeelde op volgens die riglyne wat aan julle verskaf is. Die kinders moet die volgorde van die Bybelboeke ken. Leer hulle ook om die inhoudsopgawe te gebruik om tyd te spaar. Dit help hulle geweldig baie om die teksverse op te soek.

Laastens : Uit ervaring weet ons hierdie riglyne werk, maar elke afrigter moet nog steeds sy/haar eie stempel afdruk. Sukses hang af van hoe goed die leerders hulle werk ken en dit gaan nie oornag gebeur nie.

Sterkte met die voorbereiding.

Rapportryergroete.

Dr Hennie Schmidt
Projekleier

BYBELVASVRA: AFRIGTERINSTRUKSIES VIR UITDUNRONDTE

Die volgende instruksies moet asseblief nougeset deur afrigters van spanne nagekom word.
Volg asseblief alle instruksies van die uitdunaanbieder. Die uitdunaanbieder sal kontak maak om ‘n geskikte datum (vanaf 15 tot 20 Augustus 2024) vir die uitdunrondte te bepaal.

Die oefenmemo en -vraestelle sal teen middel Julie 2024 per e-pos gestuur word.

Geen uitdunrondtevraestelle(na afhandeling) mag aan afrigters beskikbaar gestel word nie, aangesien voorbeeldvrae asook ‘n oefenvraestel reeds verskaf word voor die uitdunrondte.

Reëlings vir die aflê van die uitdunvraestelle:

1. Slegs die spankode en antwoorde mag op die antwoordblaaie aangebring word.
2. Neem die volgende saam
    a. genoeg potlode,
    b. ‘n skerpmaker,
    c. ‘n uitveër, en
    d. krambinder om die bladsye van die vraestel en antwoordblad weer saam te bind
    e. julle eie Bybels(3 per span) sonder duimdrukke.
    f. Die Bybels wat gebruik word, is die **1983 vertaling met herformulering**. Neem kennis dat daar elke paar jaar ‘n herdruk is, maar die teks verskil nie. Die Bybels wat met 2023 se finale rondte gebruik is, was die 2022 herdruk.
    g. Engelse deelnemers gebruik die **NIV-vertaling .**
3. Spanne moet asseblief dadelik ophou skryf wanneer die tyd verstreke is.
4. Afrigters en ouers mag in die lokaal teenwoordig wees tydens die kompetisie.
5. **Geen kontak** met leerders word toegelaat nie.

Berei asseblief julle spanne daarvoor voor om hierdie reëlings na te kom..

Vriendelike Rapportryergroete

Dr Hennie Schmidt
Projekleier